GAP Nuus Julie 2020

Vriende ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus ons Here.

Daar is baie dinge wat ons mis in die tyd waarvan seker die meeste 'n besoek aan die kinders in die Noord-Kaap en die res van die familie in die Wes-Kaap is. Een keer 'n week Zoom ons met die kinders en bly so in kontak met mekaar. Met beide van hulle gaan dit goed. En so mis ons ook die saamwees met vriende en mede-werkers plaaslik maar ten minste sien ons mekaar op 'n afstand. Een van ons mede-werkers en pastoor, Thobile, is voor verlede week oorlede en het dit die realiteit van die pandemie skielik baie nader gebring. So ook die polisielid wat verantwoordelik was vir Elandsrivier se plaasbesoeke. Ons hoor van al hoe meer vriende wie se vriende en familie positief is. Danie Mouton het in sy onlangse weeklikse omsendbrief goeie riglyne gegee oor wat mens te doen staan in 'n tyd soos hierdie. In kort kom dit neer op die volgende: hou aan om met mense te konnekteer en gemeenskap te skep, hou aan om klein dade van barmhartigheid te verrig, pas jou denke en woorde op, groei in jou geloof en wandel met die Heilige Gees en volg die veiligheids voorskrifte oral waar jy beweeg. Dit is eenvoudige riglyne maar dit maak baie sin. Wees wys maar moenie ophou lewe nie, lees ek tussen die lyne.

Huppelkind is vir nou eers oop en ons vertrou dat die onsekerheid nie te ontwrigtend gaan wees vir die kinders nie. Die personeel moes soos elders, baie aanpassings maak. Hulle kreatiwiteit het nie agterweë gebly nie en het die blou span die week opgedaag vir skool. Volgende week is dit die rooi span se beurt. Die stroom mense by die voordeer het in die tyd baie meer geword en probeer ons met deernis na elkeen se storie luister, en met insig daarop reageer. Die oorgrote meerderheid is rerig honger en desperaat en waardeer die hulp. Daar is veral nou baie kinders. Ons koop grootmaat sop wat ons herverpak en saam met mieliemeel gee vir die wat kan kos maak by hulle huise. Die fokus van ons aktiwiteite, ook binne die netwerke het in die tyd dramaties geskuif na hoe om die probleem van hongersnood te hanteer. Dit situasie gaan waarskynlik nog verder versleg. Dit is uitdagend maar dit is ook 'n wonderlike geleentheid vir die Kerk om relevant te wees in die tyd. Ons hou kontak met al die leiers binne die netwerke en bly met Zoom en whatsapp op mekaar se spoor. Dit is wonderlik hoe die Here in behoeftes voorsien. Dankie ook aan almal se hulp in die verband.

Bos-kapel. Dit is ons korttermyn projek daar op die plaas. Dit was 'n ou nartjieland tussen die bloekoms wat eers deur die bobejane oorgeneem is, en toe deur die indringerbos. Ek het dit van twee kante af begin oopsnoei, saag en kap en 'n mens behoort binnekort weer tot daar te kan ry. Dit is baie naby die Elandsrivier pad wat dit baie toeganklik maak. Die beplanning is om eenvoudige maar duursame strukture daar op te rig wat dit vir mense sal moontlik maak om 'n dag daar deur te bring vir opleiding, toerusting of om net te ontspan. Ons vertrou dat dit teen die einde van die jaar bruikbaar en toeganklik sal wees.

BSOW#2. Ons het die tweede uitgawe van die "Bible School on Wheels" onlangs aangekoop. Ook hierdie reeks kursusse is van hoogste gehalte. Gaan loer gerus by www.tencourses.org vir 'n uiteensetting van die eerste en die tweede uitgawe se titels. Die 5 kern kursusse is op 'n geheue stokkie beskikbaar en vir die wat al 5 wil

doen is daar 'n baie netjiese werkboek of 'superbook'. Aparte werkboeke is ook beskikbaar. Hierdie is dalk 'n goeie tyd om dit op jou eie te doen. Uit BSOW#1 beveel ons aan "70x7", die kursus oor vergifnis en uit BSOW#2 "The 5 Stages of Consecration". Kontak ons vir meer besonderhede. Ons help graag.

Bybels. Ons het weer 'n klompie Bybels in voorraad in al die plaaslike tale. Pryse is R70 vir die sagteband en R130 vir die hardeband. Afrika tale is duurder. Ons het ook nog ou voorraad van die verskillende Afrika kerke se sangbundels. Ons het ook **Elke Huis vir Christus** se evangelisasie materiaal in die verskillende tale. Die **Jesus Film Projek** het in die lig van al die veranderinge ook slim gedink en 'n oulike toep ontwikkel waar hulle 50 kort snitte uit die film uitgehaal het en saam met toepaslike vrae op die toep geplaas het. Dit kan maklik afgelaai en aangestuur word en dit is in baie tale beskikbaar. Die geleenthede hoe om dit te benut is onbeperk. Soek die "Jesus Film Project" in die toep winkel op jou foon. Laai 'n paar snitte af en stoor dit op jou profiel op die toep en op jou foon. Dan het mens die goeie nuus altyd byderhand.

Elandsrivier Kerk. Dienste daar is nog nie hervat nie. Hulle kry elke dag 'n woord vir die dag hier van Sugnét se kant af en het sy verlede maand se boodskap gestroom gekry sonder enige gadgets. Dit het heel goed uitgekom. Die droogte het in die lig van die pandemie op die agtergrond geskuif, maar dit is steeds daar met die koue fronte wat nog nie veel verligting gebring het nie veral nie ten opsigte van die damvlakke nie. Dít klink maar sleg!

Gebed vir die land, en die wêreld. Gebeds inisiatiewe het in die tyd het ook 'n nuwe baadjie gekry en word ook gestroom van alle kante af. Dit maak vir my sin om gefokus te bid en ons bevorder dié inisiatiewe. Gaan soek gerus op Jerigo Mure se webwerf by jwipn.com vir die inisiatiewe.

Gaan hou van ons facebook blad by @goandproclaim. Baie van die skakels waarna ons verwys het word daar geplaas. Baie dankie aan almal se volgehoue belangstelling en ondersteuning in hierdie tyd. Laat ons aanhou bid vir mekaar, die land en die droogte in die Oos-Kaap.

Wees geseën!

Pierre en Sugnét